



Carolyn Parton se 24 925 kg Landscape, (2010), verfoorblyfsels.

Weggooi-verf word argeologiese vonds

Gwen Miller

skryf oor

Carolyn Parton.



Opdrifsels, afbreeksels en kunstenaars se weggooi-verfbuise – dit is die inspirasie vir Carolyn Parton se skilderwerk.

Die gestapelde en gelaagde materie, die prosesse van afskilfering en verwerking word metaforiese spreekbuise vir die verbruikerskultuur se geestestoestand. Die installasie van Parton wat deel uitmaak van die uitstalling *Trans-code: Dialogues About Intermedia Practice* in Unisa se nuwe kunsgalery, is 'n ryk, tasbare, fisieke ervaring. Soos die ander werke wat in die uitstalling in die Unisa-galery vertoon word, kan Parton se installasie ook beskou word as 'n gesprek wat verskeie lae van die kontemporêre lewe aanraak.

Parton se installasie bestaan primêr uit verf – maar nie verf soos ons gewoon is daaraan op skilderdoek nie. Haar verf is gestapel, aanmekaar gelas en val in watervalformasie na die vloer. Die installasie sluit ook vroeë werke, 'n werkjoernaal en fragmente in wat haar ontwikkeling en denkproesse ontbloot. Hierdie segment van Parton se installasie verbeeld die rol wat digitale Photoshop-sagteware speel as deel van haar werkwyse.

Die oorspronklike inspirasie vloei voort vanuit die belangstelling in die opdrifsels wat op die strande van die Kaapse kus uitspoel (Parton woon in Noordhoek). Hierin vind Parton die oorblyfsels van 'n kultuur wat deur die wind en water geprosesseer is, gereed vir hersirkulasie. In sommige werke is die mens gefragmenteer en soos 'n goed geïntegreerde argief word tyd en plek verbrokkel met die mens as een van die flertse drywende rommel. Die mens as deel van die drifsels, in verweefde werke, bied 'n melankoliese weerklank. Parton praat self ook van die digitale beelde wat ons daaglik moet hanteer – ongewenste advertensies en massas e-pos. Digitale illusie en verf se tasbare lyflikheid vorm 'n ryk visuele ervaring.

Die hangende installasie *Time Will Tell*, wat volgens Parton bestaan uit 46 kg verf, is dominant in die groep werke en oorweldigend in die besef dat hier slegs verf is wat driedimensioneel die omgewing skep. Ewe imposant is die werk *24 925 kg Landscape*, wat soos die titel aandui, die kyker herinner dat dit nie die beeld van die landskap is wat op ons 'n indruk moet maak nie, maar die stukke verf wat diep in die raamwerk saamgepak lê. Parton beïndruk met die wyse waarop die ruwe materiaal met vakmanskap gemanipuleer word om atmosferiese drama te skep. Die herwinning van weggooi-verfbuise van ander kunstenaars (onder andere Marlene Dumas en Tracy Payne) word soos 'n nuwe argeologiese vonds wat Parton met groot sorg stapel om nuwe wêreld te suggereer. Nuwe wêreld wat op 'n vreemde manier tog bekend voorkom.

■ Die uitstalling begin môre om 18:00 en duur tot 30 September.

Gwen Miller is 'n dosent in visuele kunste aan Unisa en 'n praktiserende kunstenaar. Sy is besig met haar doktorsgraad in kunsgeskiedenis.

Haar werke in gemengde media se konseptuele fokus is op die impak van stelsels op die mens en die dialoog tussen nuwe en tradisionele media. "Die alomteenwoordige ervaring van tegnologie verander ons bewussyn van ruimte, tyd en die dinamika van ons verhoudings," sê sy. "Die gebruik van laboratoriumtoerusting roep die band tussen tegnologie en die stadsmens op en ondersoek die spanning tussen suiwerheid en defek."

Miller se digitale werke skep 'n fiktiewe wêreld wat herinner aan 'n industriële stadskap. Haar werk is opgeneem in verskeie permanente versamelings soos dié van Telkom, Sasol, Unisa en die Noordwes-Universiteit.

Miller se werk is ook te sien in *Transcode: Dialogues Around Intermedia Practice*, 'n uitstalling waarvan sy ook die kurator is.